

## Jesus het ons nie gekies op grond van ons goeie CV nie

Wenners maak saak. Eersteplekke tel die meeste. Kyk maar na die afgelope naweek se rugby. Nou ja, almal kan nie met die beker wegloop nie. Daarom is daar altyd meer tweedekommers, derdekommers en verloorders as wenners in die lewe. Ons almal ken hierdie gevoel. lewers langs die pad gebeur dit met ons elkeen - ons loop dalk ons gunsteling werk mis. Ons verloor 'n sleutelwedstryd. Ons haal nie die paal in een of ander kompetisie nie. Soms is ons gemiddeld. Ander kere is ons middelmatig. Of sommer net pleinweg "useless." Dan voel dit asof ons in almal se pad staan.

Wel hier's die ding: Christus blink uit met nuttelose mense. Dit is presies waar Hy elke slag begin wanneer Hy mense roep om Hom te volg. Jesus het nie een van ons uitgekies uit 'n katalogus van voortreflike godsdienstige presteerders nie. Of omdat ons altyd wen in alles wat ons aanpak nie. Nooit het Hy ons CV aangevra en toe die beste kandidaat gekies nie. Inteendeel, Jesus het ons gevat toe ons weerloos en swak was. Hy het ons opgesoek toe ons ver van Hom af was. Hoeveel te meer sal die Here nie nou alles vir ons gee om tot Sy eer te leef nie (Romeine 5:8-10).

Jesus spesialiseer in opgraderings. Hy maak nuttelose mense nuttig. Hy verander middelmatiges in bruikbare instrumente in Sy hand. Hy verander ons vanaf "use-less" na "use-full." Dit is genade. Dit vertel hoe lief die Here doodgewone mense soos ons het. Daarom dat ons graag vir Hom wil leef. Ons kan nie anders as om oor en oor koers te kies agter ons Heer aan nie. In sy nabyheid leef ons en groei ons. In die Here se hand het ons elkeen baie groot waarde.

deur Stephan Joubert

## Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding

- \*Bid asb vir Janine Vorster–vir deurbraak in haar gesondheid en vir volkome genesing
- Bid asb vir Lottie Conradie–kry baie swaar. Het MS. Bid vir die Here se nabyheid
- \*Bid asb vir Maria Steyn – vir volkome genesing
- \*Bid asb vir Oom Sampie Swart – vir nabyheid vd Here. Hy is baie siek
- \*Bid asb vir Gert en Magriet du Plooy–vir volkome genesing. Albei ernstig siek
- \*Bid asb vir Ria Putter – vir volkome genesing
- \*Bid asb vir JP vd Walt – het longvlies-kanker. Vir volkome genesing.
- \*Bid asb vir Louise v Zyl–volkome herstel na rugoperasie
- \*Bid asb vir Hennie v Aswegen–vir spoedige herstel
- \*Bid asb vir John Stapleton–vir beterskap en volle genesing
- Het brein operasie gehad
- \*Bid asb vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid asb vir Basie Roux – hy het prostaat kanker
- Bid asb vir Elsabé Pretorius – gaan vir 'n groot nek operasie
- Bid asb vir Evie Benson –bid vir volle genesing

## Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- Ons is lief vir U! AMEN



When you  
**PRAY,**  
God listens.

When you  
**LISTEN,**  
God talks.

When you  
**BELIEVE,**  
God works.

## Gedagte vir die week



Bid vir mekaar.  
Dra mekaar se laste.  
Stap daardie ekstra tree.  
Ondersteun en staan mekaar by.  
Wees 'n omgee mens.  
Jy sal jou loon ontvang.

## Onthou om te onthou

Datum	"Topic"	Plek
10 Nov 2019	Kerssangdiens @ 18:00 NG Kerk	
19 Jan 2020	Oom Karoolus & Lente	NG Kerk